**BERGRIVIER MUNISIPALITEIT / MUNICIPALITY**

**VISIE:**

**Bergrivier: 'n vooruitstrewende gemeenskap waar almal wil leef, werk, leer en speel op 'n menswaardige manier.**

**VISION:**

**Bergrivier: a prosperous community where all want to live, work, learn and play in a dignified manner.**

**KERN WAARDES / CORE VALUES**

**We are all part of Bergrivier Municipality.**
**We render good services to ensure dignified living to all.**
**We are unashamedly pro-poor.**
**We believe in close innovative partnerships.**
**We believe in social and economic development of our area.**
**We care about our work and our colleagues.**
**We are disciplined.**
**We believe in ethical behaviour.**
**We believe in good relationships.**
**We serve with pride.**

## 2021: JAAR VAN VOORTGESETTE VRUGTEVOLLE VENNOOTSKAPPE!

# NOTULE VAN DIE VIRTUELE RAADSVERGADERING GEHOU OP DINSDAG 23 FEBRUARIE 2021 OM 14:00 VANAF PIKETBERG

**TEENWOORDIG:**

**LEDE VAN DIE VIERDE MUNISIPALE RAAD**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. A de Vries | [DA] | : | Speaker |
| Rdh. RM van Rooy | [DA] | : | Uitvoerende Burgemeester |
| Rdd. SM Crafford | [DA] | : | Uitvoerende Onderburgemeester |
| Rdl. MA Wessels | [DA] | | |
| Rdl. AJ du Plooy | [DA] | | |
| Rdl. A Small (Me) | [DA] | | |
| Rdl. AA van Wyk | [DA] | | |
| Rdd. SIJ Smit | [ANC] | | |
| Rdl. SS Lesch (Me) | [ANC] | | |
| Rdl. IS Adams | [ANC] | | |
| Rdl. D de Bruin | [ANC] | | |

**AMPTENARE**

| | | |
|---|---|---|
| Adv. H Linde | : | Munisipale Bestuurder |
| Mnr. FM Lötter | : | Direkteur Finansiële Dienste |
| Mnr. JWA Kotzee | : | Direkteur Korporatiewe Dienste |
| Mnr. AC Koch | : | Direkteur Tegniese Dienste |
| Mnr. DA Josephus | : | Direkteur Gemeenskapsdienste |
| Mev. A van Sittert | : | Bestuurder: Strategiese Dienste |
| Mev. JS Erasmus | : | Interne Ouditeur |
| Mnr. H Vermeulen | : | Stadsbeplanner: Wes |
| Mnr. K Abrahams | : | Stadsbeplanner: Oos |
| Mev. JM Rosenberg | : | Senior Tikster |

***

**AKSIE**

**RVN001/02/2021**
**OPENING EN VERWELKOMING**

Die Voorsitter verwelkom almal by die vergadering, waarna Raadslid Du Plooy open met 'n bemoedigende teksvers, kort boodskap en gebed.

Die Voorsitter rig 'n spesiale woord van verwelkoming aan die afvaardiging wat teenwoordig is, asook die Stadsbeplanners.

***

**RVN002/02/2021**
**AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID**
**3/3/1/4**

Rdl. J Daniels – ander munisipale verpligtinge

***

**RVN003/02/2021**
**VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 1 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)**
**3/3/1/6**

Die Raadslede en amptenare verklaar individueel dat hulle geen persoonlike belange met betrekking tot die items op die agenda het nie.

***

**RVN004/02/2021**
**BEKRAGTIGING VAN DIE NOTULE VAN DIE VORIGE VERGADERING SOOS GEHOU OP DINSDAG 19 JANUARIE 2021**
**3/3/2/2**

**BESLUIT**

Dat die notule van die vorige vergadering soos gehou op Dinsdag 19 Januarie 2021, bekragtig word.

***SENIOR TIKSTER (JM ROSENBERG)***

***

**RVN005/02/2021**
**IMPLEMENTERINGSVERSLAE VIR RAADSBESLUITE: TERUGVOERING VANAF MUNISIPALE BESTUURDER EN DIREKSIE RAKENDE DIE RAADSBESLUITE GENEEM TYDENS DIE VORIGE RAADSVERGADERING SOOS GEHOU OP DINSDAG 19 JANUARIE 2021**
**3/3/2/2**

Die Munisipale Bestuurder rapporteer aan die Raad dat al die besluite, insluitend die van die Direkteur Finansiële Dienste en die Bestuurder: Strategiese Dienste in die praktyk en op die stelsel afgehandel is.

**KENNIS GENEEM**

***

**RVN006/02/2021**
**SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE**
**3/3/2/2**

Geen

***

**RVN007/02/2021**
**VERKLARINGS / MEDEDELINGS DEUR DIE SPEAKER, UITVOERENDE BURGEMEESTER EN MUNISIPALE BESTUURDER**
**3/3/1/6**

Die Uitvoerende Burgemeester doen die volgende mededelings:

**LEED**

1. Dat ons kollega Mnr. C Beukes se vrou oorlede is; en

2. Dat Mnr. D Somers, Adjunkhoof van Steynville Primêr, oorlede is.

Hy wens die betrokke bedroefde families sterkte toe wat hul geliefdes in hierdie tyd aan die dood moes afstaan.

**LIEF**

1. Dat Raadsheer De Vries op 25 Februarie 2021 sal verjaar; en

2. Dat die Direkteur Korporatiewe Dienste op 16 Maart 2021 sal verjaar.

Hy wens hulle baie geluk en voorspoed toe met hul nuwe lewensjaar.

Die Uitvoerende Burgemeester wens alle matrikulante van 2020 geluk met hul prestasie te wete:

| | |
|---|---|
| Porterville Hoërskool | 100% |
| Piketberg Hoërskool | 98% |
| Velddrif Hoërskool | 87,5% |
| Steynville Senior Sekondêre Skool | 63% |

Die Uitvoerende Burgemeester versoek die Munisipale Bestuurder om ‘n inskrywing op die amptelike “Facebook” blad te maak om die onderskeie skole geluk te wens met hul leerders se prestasies en die opvoeders en skole bestuurspanne te bedank vir die volgehoue goeie werk.

***MUNISIPALE BESTUURDER (23/02/2021)***

Die Munisipale Bestuurder doen die volgende mededelings:

1. Dat Raadsheer De Vries op 25 Februarie 2021 sal verjaar en wens hom voorspoed en seën toe;

2. Dat mnr. Spencer Robert Swartz aangewys is as Raadslid en vervang wyle Raadslid JC Botha as Raadslid op die Raad van Bergrivier Munisipaliteit; en

3. Dat Raadslid Audrey Small, wyle Raadslid JC Botha vervang as afgevaardigde van Bergrivier Munisipaliteit na die Weskus Distriksmunisipaliteit.

**KENNIS GENEEM**

***

**RVN008/02/2021**
**EERSTE ONDERHOUD MET AFVAARDIGINGS: INHULDIGING VAN NUWE RAADSLID**
**3/3/1/5**

**BESLUIT**

Dat die item oorstaan en formeel gedoen sal word by 'n Spesiale Raadsvergadering in Maart 2021.

***MUNISIPALE BESTUURDER***

***

**RVN009/02/2021**
**TWEEDE ONDERHOUD MET AFVAARDIGINGS: PIKETBERG GATEWAY AND CENTRAL INTEGRATION ZONE PRECINCT PLAN**
**15/1/9; 3/3/1/5**

Op versoek van die Voorsitter stel die afvaardiging hulself voor by name Mev. L van Aarde en Mnr. T Bolton.

Me. L van Aarde doen 'n visuele voorlegging van die item onder bespreking, waarna verskeie insette en kommentaar deur die Raadslede gelewer word.

Die Munisipale Bestuurder stel die Raad en konsultante in kennis van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee se versoek dat spesifieke aanduiding/verwysing vir toekomstige projekte/ontwikkeling in Piketberg, dat die gebiedsplan in ag geneem is en geakkommodeer kan word binne die goedgekeurde toekomstige begrotings oor toekomstige finansiële jare.

Die Uitvoerende Burgemeester, Munisipale Bestuurder en Direkteur Korporatiewe Dienste bedank alle rolspelers, in besonders vir Mnr. W Wagener, vir die samestelling van 'n suksesvolle plan.

Die afvaardiging bedank die Raad vir die geleentheid om die plan te kon voorlê en vir die goeie gees waarmee die projek ontvang en afgehandel is.

***MUNISIPALE BESTUURDER EN ALLE DIREKTEURE***

***

***(Die afvaardiging verlaat die vergadering om 15:05)***

**RVN010/02/2021**
**MOSIES / VRAE**
**3/3/1/1, 3/3/1/2**

Geen

***

**RVN011/02/2021**
**EERSTE DRINGENDE SAAK VANAF DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER: LYS VAN KLAGTES / KWESSIES**

Die Uitvoerende Burgemeester rapporteer aan die Raad dat hy en die Munisipale Bestuurder gesprekke gefasiliteer het, met betrekking tot 'n lys van klagtes/kwessies wat afgehandel/ondersoek moet word. Die Uitvoerende Burgemeester bevestig dat hy terugvoering sal gee met betrekking tot die vordering van die afhandeling van die klagtes/kwessies aan die Raad.

***MUNISIPALE BESTUURDER***

***

**RVN012/02/2021**
**AFGEVAARDIGDE NA WESKUS DISTRIKSMUNISIPALITEIT**
**3/2/2**

Die Munisipale Bestuurder deel die Raad mondelings mee dat Raadslid A Small wyle Raadslid JC Botha vervang as die afgevaardigde van Bergrivier Munisipaliteit na die Weskus Distriksmunisipaliteit.

**Die onderstaande besluit word eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

Dat Raadslid A Small as afgevaardigde van Bergrivier Munisipaliteit na die Weskus Distriksmunisipaliteit aangewys word, in die plek van wyle Raadslid JC Botha.

***MUNISIPALE BESTUURDER***

***

**RVN013/02/2021**
**AFSKRYF VAN UITSTAANDE REKENINGE**
**5/15/2**
***(‘n Gewysigde aanbeveling word ter tafel gelê, soos voorheen elektronies versprei – Bylae A)***

Die Portefeulje Voorsitter, Raadsdame Crafford lei die item in en gee breedvoerig agtergrond.

**Die onderstaande besluit word eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

1. Dat die gevalle 4; 5; 6; 7; 8; 9; 10; 11; 13; 14; 15; 17 en 18 in die verslag, bestorwe boedel gevalle is waar die eienaar(s) reeds oorlede is en familie die eiendom bewoon. Die afskryf van die skuld spreek egter nie die probleem aan om die eiendomme oorgedra te kry na die huidige bewoner nie, en sal die eiendomsbelasting en dienste rekening altyd apart gestuur word, indien dit apart oopgemaak word. Waar die erfgename wel in proses is om die eiendom oor te dra kan die skuld by sodanige aansoek van belastinguitklaringsertifikaat afgeskryf word; en

2. Dat die volgende gevalle nie hierbo aangespreek word nie, en word dus apart aanbeveel vir afskrywing:

**2.1 Rekeningnommer:329878 (L. Zincke)**

Dat die debiteur ŉ afbetalingsooreenkoms met die Munisipaliteit moet aangaan;

**2.2 Rekeningnommer:245018 (D & J Mbabane)**

Dat die uitstaande skuld ten bedrae van R 28,455.61 eenmalig afgeskryf word;

**2.3 Rekeningnommer:33239 (A.M.E. Kerk)**

Dat die uitstaande skuld ten bedrae van R 20,455.63 eenmalig afgeskryf word;

**2.4 Rekeningnommer:194557 (E. Jonathan)**

Dat die uitstaande skuld ten bedrae van R 9,229.05, eenmalig afgeskryf word;

**2.5 Rekeningnommer: 41906 (NA Claassen)**

Dat die uitstaande skuld ten bedrae van R 10,090.93 eenmalig afgeskryf

***DIREKTEUR FINANSIËLE DIENSTE***

word;

**2.6 Rekeningnommer: 51157 (CB & LMM Markus)**

Dat die debiteur 'n afbetalingsooreenkoms met die Munisipaliteit aangaan; en

**2.7. Rekeningnommer: 99783 (Jasper Hoon Holding CC)**

Dat die uitstaande bedrag van R 4,780.98 afgeskryf word.

***DIREKTEUR FINANSIËLE DIENSTE***

***

**RVN014/02/2021**
**MUNISIPALE EKSTERNE STUDIEBEURSAANSOEKE VIR 2021**
**4/4/3/1**

Raadsdame Crafford lei die item kortliks in.

**Die onderstaande besluit word eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

1. Dat studiebeurse van R8 333.00 elk toegeken word aan die aansoeke soos vervat in Aanhangsel B van die verslag;
2. Dat die oorblywende kandidate soos vervat in Aanhangsel C van die verslag in volgorde van maandelikse verdienste van die ouers gerangskik word en op 'n waglys geplaas word om plekke te vul, indien enige van die oorspronklike 12 goedgekeurde aansoekers nie die beurse opneem nie;
3. Dat die twaalf goedgekeurde aansoekers voor 01 Maart 2021 hul beurse aanvaar en die nodige dokumentasie indien vir uitbetaling; en
4. Dat 'n in-beginsel besluit geneem word dat R200 000.00 oorgeplaas word vanaf die "Community Upliftment Fund" van die Uitvoerende Burgemeester na die studiebeursfonds om aan die volgende 29 aansoekers op die lys elk 'n beurs van R6 880.00 toe te ken.

***BESTUURDER: MENSLIKE HULPBRONDIENSTE***

***

**RVN015/02/2021**
**LEASE AGREEMENTS: BOKKOMLAAN VISHUISE ON ERF 486, VELDDRIF**
**15/1/6; V.486**

Raadsdame Crafford lei die item breedvoerig in.

Uiteenlopende insette en kommentaar word gelewer deur die Raadslede.

Raadsdame Smit stel voor dat die Raad gesprekke fasiliteer ten einde die Bokkomlaan-kwessie, met betrekking tot die geboue wat deur die huurders besit word maar op Munisipale grond gebou is, op te los.

Die Munisipale Bestuurder versoek die Direkteur Korporatiewe Dienste om die regsopinie wat in 2019 ontvang was en reeds in 2019 aan die Raad voorgelê is, weer te versprei aan die Raadslede alvorens bogenoemde gesprekke gefasiliteer word.

***DIREKTEUR KORPORATIEWE DIENSTE***

**The undermentioned resolutions were taken unanimously by Council**

**RESOLUTIONS**

1. That proposed amendments to the existing lease agreements, as proposed in the Final draft of the Bokkomlaan Heritage Conservation Management

***MANAGER: PLANNING AND ENVIRONMENTAL MANAGEMENT***

Plan developed for Bergrivier Municipality dated January 2021, be incorporated into the existing lease agreements and that, for the interim, the lease term of existing lessees except for the "Vishuis" be extended by three (3) years;

2. That the item of the lease agreement for the "Vishuis" be extended by three (3) months until June 2021 for additional consideration and decision making by Council before the end of May 2021;
3. That Council's intention to amend and extend the existing lease agreements as in point 1 and 2 be advertised to the public for 14 days, and that should no objections be received, the lease addendums be concluded. In the event that objections are received, it must be dealt with in terms of applicable legislative procedures;
4. That, after approval of the Bokkomlaan Heritage Conservation Management Plan by Heritage Western Cape, the required processes be commenced in order to replace the 3 year short-term lease agreements with long-term lease agreements, relevant legislation permitted; and
5. That discussions be facilitated before May 2021 with regards to the future of the abovementioned lease agreements.

***MANAGER: PLANNING AND ENVIRONMENTAL MANAGEMENT***

***

**RVN016/02/2021**
**<u>BOKKOMLAAN HERITAGE CONSERVATION MANAGEMENT PLAN</u>**
**15/1/6; V.486**

Raadsdame Crafford lei die item breedvoerig in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Raadslede.

**<u>The undermentioned resolution was taken unanimously by Council</u>**

**<u>RESOLUTION</u>**

That the Bokkomlaan Heritage Conservation Management Plan developed for Bergrivier Municipality dated January 2021 prepared by Archaeo-Adventures CC t/a Sarah Winter Heritage Consultant, hereby attached as ***Annexure A*** in the report, be accepted by Council and referred to a workshop for further discussions.

***MANAGER: PLANNING AND ENVIRONMENTAL MANAGEMENT***

***

**RVN017/02/2021**
**<u>PIKETBERG GATEWAY AND CENTRAL INTEGRATION ZONE PRECINCT PLAN</u>**
**15/1/9**

Raadsdame Crafford lei die item kortliks in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Raadslede.

**<u>Die onderstaande besluit word eenparig deur die Raad aanvaar</u>**

**<u>BESLUIT</u>**

1. Dat kennis geneem word dat die Piketberg Gateway en Central Integration Zone Precinct Plan opgestel is vir 'n gebied wat in die Bergrivier Munisipale Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk (Bergrivier MROR, 2019-2024), in lyn met Artikel 21.(l)(i) van die Spatial Planning and Land Use Management Act (SPLUMA), 2013, geoormerk word vir 'n meer gedetailleerde gebiedsplan;

***BESTUURDER: BEPLANNING EN OMGEWINGSBESTUUR***

2. Dat die Piketberg Gateway en Central Integration Zone Precinct Plan gedateer Februarie 2021, opgestel deur Planning Partners Stads- en Streekbeplanners, GAPP Argitekte/Stedelike Ontwerpers and SMEC Ingenieurs, deur die Raad goedgekeur word; en

3. Dat die Raad versoek dat die gebiedsplan 'n werksdokument is wat in ag geneem moet word by enige toekomstige beplanning en dat die Direksie versoek word om dit so in hul strategiese beplanning in te werk vir alle projekte wat in Piketberg geoormerk/uitgevoer word.

***BESTUURDER: BEPLANNING EN OMGEWINGSBESTUUR***

***DIREKSIE***

***

**RVN018/02/2021**
**<u>VERVANGING VAN LID VAN DIE OORSIGKOMITEE EN *EX OFFICIO* LID VAN DIE MUNICIPAL PUBLIC ACCOUNTS COMMITTEE (MPAC)</u>**
**12/2/3/68**

Die Munisipale Bestuurder lei die item kortliks in.

**<u>Die onderstaande besluit word eenparig deur die Raad aanvaar</u>**

**<u>BESLUIT</u>**

Dat die Raad goedkeur dat Raadslid AA van Wyk dien as lid van die Oorsigkomitee en *ex officio* lid van die MPAC.

***MUNISIPALE BESTUURDER***

***

**RVN019/02/2021**
**<u>NUWE LID: PRESTASIE EN OUDITKOMITEE</u>**
**12/2/2/21**

Die Munisipale Bestuurder lei die item kortliks in.

**<u>Die onderstaande besluit word eenparig deur die Raad aanvaar</u>**

**<u>BESLUIT</u>**

1. Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die aansoeke wat ontvang is vir die vakature op die Prestasie- en Ouditkomitee;

2. Dat Me. Bolton voorgestel word om as lid van Bergrivier Munisipaliteit se Prestasie- en Ouditkomitee aangestel te word met ingang vanaf 01 Maart 2021 vir 'n periode van drie (3) jaar;

3. Dat Me. Kinnes voorgestel word om as lid van die Prestasie- en Ouditkomitee aangestel te word vanaf 01 September 2021 vir 'n periode van drie (3) jaar, in die plek van Mnr. Burton van Staaden wie se tweede termyn tot 'n einde sal kom op 31 Augustus 2021;

4. Dat Me. Kinnes die Risikokomiteevergaderings in Maart 2021 en Junie 2021 bywoon as 'n Eksterne Risikospesialis; en

5. Dat Me. Kinnes vanaf 01 September 2021 as lid van die Prestasie- en Ouditkomitee ook die Risikokomiteevergaderings sal bywoon.

***MUNISIPALE BESTUURDER***

***

**RVN020/02/2021**
**GOEDKEURING VAN AANSUIWERINGSBEGROTING: 2020/2021**
**5/1/1**
***(Die verslag, soos voorheen elektronies versprei word ter tafel gelê – Bylae B)***

Die Portefeulje Voorsitter, Raadsdame Crafford lei die item breedvoerig in. Sy lig die veranderings/wysigings uit aan die Raad en gee 'n opsomming van onderskeidelik die Kapitaal- en Operasionele Begrotings.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Raadslede.

Die Uitvoerende Burgemeester bedank die Uitvoerende Onderburgemeester, die Begrotingsloodskomitee en die Begrotingskantoor vir die harde werk en bydraes wat gemaak is tydens die opstel van die Aansuiweringsbegroting 2020/21.

**The undermentioned resolutions were taken unanimously by Council**

**RESOLUTIONS**

1. That the mid-year (second) annual adjustments budget of Bergrivier Municipality for the financial year 2020/2021, be approved:

   i. Table B2: Adjustments Budget Financial Performance (expenditure by standard classification);

   ii. Table B3: Adjustments Budget Financial Performance (expenditure by municipal vote);

   iii. Table B4: Adjustments Budget Financial Performance (revenue by source);

   iv. Table B5: Adjustments Budget Capital Expenditure for both multi-year and single year by vote, standard classification and funding;

   v. Table B6: Budgeted Financial Position;

   vi. Table B7: Budgeted Cash Flow;

   vii. Table B8: Cash backed reserves/Accumulated surplus reconciliation;

   viii. Table B9: Asset Management;

   ix. Table B10: Basic service delivery measurement;

   x. Supporting Tables SB1 – SB 20; and

2. That the adjustments budget be submitted to the authorities and in the format as required by law.

***DIRECTOR FINANCIAL SERVICES***

***

**RVN021/02/2021**
**AMENDMENT OF THE 2020/21 SERVICE DELIVERY BUDGET IMPLEMENTATION PLAN (SDBIP) IN TERMS OF SECTION 54 (1) (C) OF THE MUNICIPAL FINANCE MANAGEMENT ACT (ACT 56 OF 2003)**
**5/1/B**

Die Bestuurder: Strategiese Dienste lei die item kortliks in.

**The undermentioned resolution was taken unanimously by Council**

**RESOLUTION**

That the amended 2020/21 SDBIP be approved in terms of Section 54(1) (c) of the Municipal Finance Management Act, 2003 (Act 56 of 2003) (MFMA).

***MANAGER: STRATEGIC SERVICES***

***

**RVN022/02/2021**
**MONTHLY BUDGET STATEMENT: NOVEMBER AND DECEMBER 2020**
**5/1/1**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadsdame Crafford lei die item in.

**The undermentioned resolution was taken unanimously by Council**

**RESOLUTION**

That Council note the monthly budget statement and supporting documentation for November and December 2020.

***DIRECTOR FINANCIAL SERVICES***

***

**RVN023/02/2021**
**MAANDVERSLAG: UITGAWES EN VOORSIENINGSKANAALBESTUUR: NOVEMBER EN DESEMBER 2020**
**5/1/B, 5/1/1**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadsdame Crafford lei die item in.

**The undermentioned resolutions were taken unanimously by Council**

**RESOLUTIONS**

1. That Council take note of the December 2020 Supply Chain Management Implementation report and that it be made public in accordance with Section 21A of the Municipal Systems Act;

2. That Council take note that there were no expenditure incurred during the month of December 2020 to prevent the spread of COVID-19 and to aid in humanitarian relief during the period of lockdown; and

3. That Council take note of the expenditure in the amount of R1600.00 that is disclosed as irregular expenditure during the financial year of 2019/2020 and be condoned to be written off due to the fact that the Employee from Swartland Municipality did declare and the other Employee from the Department of Transport and Public Works was not aware and was an intern at that stage.

***DIRECTOR FINANCIAL SERVICES***

***

**RVN024/02/2021**
**NEW LONG TERM BORROWING APPROVAL MTREF 2019/20 – 2021/22**
**5/14/1/3**
***(Addisionele inligting word ter tafel gelê soos voorheen elektronies versprei – Bylae C)***

Die Portefeulje Voorsitter, Raadsdame Crafford lei die item in. Die Direkteur Finansiële Dienste gee aanvullende inligting.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Raadslede.

**The undermentioned resolutions were taken unanimously by Council**

**RESOLUTIONS**

1. That the capital projects and subsequent expenditure reflected in Table 1 in the report as approved in the 2020/2021 budget and MTREF be noted;
2. That approval be granted to raise long term debt in the amount of R15.2 Million to finance the capital projects contained in Table 1 in the report, over the MTREF Period 2020/21 – 2022/23;
3. That Council take note of the proposed debt repayment terms and debt repayment schedules attached as ***Annexure A*** in the report;
4. That Council take note of the anticipated total cost associated with the long term debt over the repayment period as per the attached ***Annexure A*** in the report;
5. That Council take note that no security will be pledged for the intended borrowing; and
6. That the Municipal Manager be authorized to sign all relevant documentation necessary for the execution of recommendation (2) above.

***DIRECTOR FINANCIAL SERVICES***

***

**RVN025/02/2021**
**UITOEFENING VAN DELEGASIE 70 IN TERME VAN DIE GOEDGEKEURDE DELEGASIE REGISTER (SOOS GOEDGEKEUR NOVEMBER 2019)**
**2/3**

**Die onderstaande besluit word eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

Dat die Raad kennis neem van die uitoefening van delegasie 70 deur die Munisipale Bestuurder na konsultasie met die Uitvoerende Burgemeester in persoon op 03 Februarie 2021.

***MUNISIPALE BESTUURDER***

***

**RVN026/02/2021**
**<u>BESLUITE VIR KENNISNAME INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID VAN UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING: DONDERDAG 10 DESEMBER 2020</u>**
**3/2/1/3**

**<u>Die onderstaande besluit word eenparig deur die Raad aanvaar</u>**

**<u>BESLUIT</u>**

Dat die Raad kennis neem van die besluite van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee se vergadering gehou op Donderdag 10 Desember 2020, soos voorgelê.

***

**RVN027/02/2021**
**<u>BESLUITE VIR KENNISNAME INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID VAN UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING: MAANDAG 14 DESEMBER 2020</u>**
**3/2/1/3**

**<u>Die onderstaande besluit word eenparig deur die Raad aanvaar</u>**

**<u>BESLUIT</u>**

Dat die Raad kennis neem van die besluite van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee se vergadering gehou op Maandag 14 Desember 2020, soos voorgelê.

***

**RVN028/02/2021**
**<u>WYKSKOMITEES: KENNISNAME / BESPREKING VAN VERSLAE EN NOTULES</u>**
**3/2/1/3**

Geen

***

**RVN029/02/2021**
**<u>NOTULE VAN DIE PRESTASIE- EN OUDITKOMITEE VIR KENNISNAME: DONDERDAG 27 AUGUSTUS 2020</u>**
**8/1/1**

**<u>BESLUIT</u>**

Dat die Raad kennis neem van die notule van die Prestasie- en Ouditkomitee se vergadering wat gehou is op Donderdag 27 Augustus 2020, soos voorgelê.

***

**RVN030/02/2021**
**<u>NOTULE VAN DIE RISIKOBESTUURSKOMITEE VIR KENNISNAME: VRYDAG 18 SEPTEMBER 2020</u>**
**8/1/1**

**<u>BESLUIT</u>**

Dat die Raad kennis neem van die notule van die Risikokomitee se vergadering wat gehou is op Vrydag 18 September 2020, soos voorgelê.

***

**RVN031/02/2021**
**<u>NOTULE VAN DIE MPAC VIR KENNISNAME: DINSDAG 08 OKTOBER 2019 EN VRYDAG 09 OKTOBER 2020</u>**
**8/1/1**

**<u>BESLUIT</u>**

Dat die Raad kennis neem van die notule van die MPAC se vergaderings wat gehou is op Dinsdag 08 Oktober 2019 en Vrydag 09 Oktober 2020, soos voorgelê.

***

**RVN032/02/2021**
**<u>IN-KOMITEE: AANBEVELINGS EN VERSLAE VOORGELÊ VIR OORWEGING DEUR DIE RAAD</u>**
**3/2/1/3**

Geen

***

**RVN033/02/2021**
**<u>IN-KOMITEE: BESLUITE INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID EN ITEMS WAARVAN KENNIS GENEEM IS, TER INLIGTING VAN DIE RAAD</u>**
**3/2/1/3**

Geen

***

***DIE VERGADERING VERDAAG OM 16:45***

*HIERMEE BEVESTIG EK DIE ONDERGETEKENDE DAT HIERDIE NOTULE SOOS BEKRAGTIG 'N WARE WEERGAWE IS VAN DIE VERRIGTINGE*

____________________ ________________
***VOORSITTER*** ***DATUM***